Sondag 6 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 32	**Fokusgedeelte: Psalm 32:5**

As ons ons sondes bely …

Vers 1 van Psalm 32 bevat twee van die wonderlikste en mees troosryke woorde wat ’n gelowige kan hoor – vergewe en bedek! Die Hebreeuse woord vir vergewe beteken dat iets permanent weggevat of opgelig is, en die woord vir bedek beteken om iets permanent toe te maak of te omvou.

Dawid bely met vreugde dat God sy sondes opgelig en toegemaak het. God het hom van sy sondelas bevry. Dawid het eens swaar gedra aan sy sondelas. Hy wou sy sonde wegsteek vir God, maar God dryf hom deur sy Woord en Gees om dit voor Hom te openbaar. Wanneer hy dit openbaar, verander Hy sy hele lewe. Van ’n brandende, swygende siek man verander hy in ’n borrelende, belydende boodskapper! As Dawid sy sonde bely, vergewe en bedek God sy sonde!

Die mens dra swaar aan sy sondelas en dit wil ons ten gronde rig. God roep ons om ons sondes voor Hom te openbaar en dit voor Hom neer te lê. Jesus Christus roep dit uit in Matteus 11:28: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee”; en in 1 Johannes 1:19: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” Hierdie regverdigheid lê in Jesus Christus se soenoffer aan die kruis!

Roep saam met Dawid: “Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.” Gaan die wêreld in as boodskapper en basuin in dankbaarheid dit uit: “As ons ons sondes bely”, word ons om Christus wil bevry!

Sing Psalm 32-1:1, 3

Ds HL Stavast (Henk) (Totiusdal)